

**'N UBUNTU VAN TALE: MEERTALIGHEID IN DIE HOËRONDERWYS**  
**Prof H Russel Botman, Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch**

**Afrikaanse Taalraad-onderwyskonferensie**  
**Kunstekaap, Kaapstad, 28 Augustus 2010**

## **INLEIDING**

Ons is hier om die toekoms van Afrikaans as 'n onderrigmedium in tersiêre onderrig te bespreek. Ek wil egter die omvang van die bespreking verbreed deur meertaligheid in te sluit.

Ek dink nie ons kan oor Afrikaans in die onderwys praat sonder om die breër konteks van meertaligheid in ag te neem nie. Die toekoms is multikultureel en meertalig, en by die Universiteit Stellenbosch (US) is vaardigheid in Afrikaans 'n belangrike eienskap van ons gegradueerdes.

My hoofpunt is dat meertaligheid die uitweg as 'n onderrigmedium is. Nóg Afrikaans, nóg Engels, nóg enige ander taal kan op sy eie aan die behoeftes van ons studente voldoen of help om die soort toekoms te vorm wat ons vir hierdie land wil hê.

Daar is verskeie definisies, maar basies is meertaligheid in die hoëronderwys 'n situasie waar 'n universiteit nie net een taal as onderrigmedium aanwend nie, maar twee of meer tale. Die gevolg is dat die student in die leersituasie deurentyd uitgedaag word om sy of haar vaardighede in meertaligheid te slyp.

Hoekom sê ek meertaligheid is die beste opsie? My redes val in drie kategorieë: opvoedkundig, professioneel en sosio-polities.

## **OPVOEDKUNDIGE REDES**

Dit is welbekend dat moedertaalonderrig sowel leerders op skool as universiteitstudente die beste kans op sukses bied. Dit is hoekom – in 'n land soos ons s'n, met tien amptelike tale buiten Engels – 'n mens meer as een opsie vir 'n onderrigmedium moet hê.

Natuurlik is Engels belangrik. Dis 'n wêreldtaal, dis 'n sterk ekonomiese taal en dis 'n vername akademiese taal. Dis egter nie die alfa en die omega nie. Ouers, politici, beleidmakers, selfs sommige opvoeders dink verkeerdelik dat Engels die antwoord op alles is. Dit is nie – nie op sy eie nie. Die rede is eenvoudig – net soos enige ander taal kan Engels 'n struikelblok tot toegang wees.

Party van ons studente kom uit die armste gemeenskappe, waar hul Engels nie so geslyp is soos wat dit by die groot en duur privaat skole sou gebeur het nie. Sommige studente sukkel gewoon met Engels. Om hulle billike toegang tot hoëronderwys te bied – met 'n behoorlike kans op sukses – is dit beter om hul moedertaal as onderrigmedium te gebruik.

Dit is egter terselfdertyd raadsaam om studente blootstelling aan Engels óók – en selfs aan nog 'n taal – te gee, al word hulle in hul moedertaal onderrig. Meertaligheid ontsluit bepaalde kognitiewe vaardighede en vlakke van kreatiwiteit wat waarde vir die student toevoeg.

## **PROFESSIONELE REDES**

Dit bring my by die professionele redes vir meertaligheid uit, wat te make het met die uitkoms van universiteitstudies. 'n Universiteit se onderrigtaal beïnvloed die soort gegradueerdes wat uiteindelik gelewer word.

Ons woon in 'n multikulturele land. Ons benodig gegradueerders wat die wêreld van werk kan betree en in meer as een taal tot die samelewing kan bydra, ongeag die gebied waarin hulle werk.

Dit gaan egter verder as 'n mense se vermoë om met ander te kommunikeer. Deur 'n mate van vaardigheid in ander tale as jou moedertaal te verkry, word die gees verruim, ander wêrelde word ontsluit, en dit bring ons nader aan mekaar.

Die tipiese Stellenbosch-gegradueerde is nie net Afrikaans óf Engels óf Xhosa magtig nie, maar kan in twee van hierdie of selfs al drie hierdie tale oor die weg kom – tot 'n meerdere of mindere mate. Dit gee hom of haar 'n professionele voorsprong bó iemand wat net Engels kan praat. Op dié manier help ons om 'n beter wêreld vir toekomstige geslagte te skep.

### **SOSIO-POLITIEKE REDES**

Nou kom ek by die sosio-politieke redes vir meertaligheid. Ons leef in 'n pluralistiese samelewing, nie 'n homogene een nie. Deur meer as een onderrigtaal te gebruik, gee ons erkenning aan ons diversiteit as Suid-Afrikaners – op verantwoordelike wyse.

Die een leemte wat ons ten opsigte van transformasie het, is dat die regering meer sal moet doen vir meertaligheid in hierdie land. As transformasie slegs op die breë vlakke van ras en klas plaasvind, en die kwessie van linguistiese transformasie word nie hierby ingesluit nie, bly die diepgaande transformasie wat mense byeenbring agterweë.

Ons sal 'n belangrike gesprek met die regering oor die rol van taal in transformasie moet voer. In hierdie opsig is dit nie taal wat mense van mekaar afsonder nie, maar taal wat mense byeenbring, en ons in staat stel om meer te doen van dít wat die moderne Grondwet van 1996 van ons verg.

Mense kom dit agter as ons uit vrees hierdie saak oor Afrikaans aanvoer, en nie uit die selfvertroue dat meertaligheid 'n belangrike faktor is wat vir almal geld en boonop in ons Grondwet verskans is nie. Almal het immers die reg op moedertaalonderrig.

### **DIE SITUASIE BY DIE US**

Ek het nou aan die hand van verskeie redes gronde vir meertaligheid aangevoer. Om te demonstree hoe dit in die praktyk werk, gaan ek nou na spesifiek na my instelling, die US, verwys.

Ons ervaar reeds die afgelope paar jaar dat al hoe minder van ons tradisionele voederskole uitsluitlik Afrikaans is. 'n Paar het na Engels oorgeskakel, maar die meeste het dubbelmedium of parallelmedium geword. Sommiges volg in die voetspore van hoërskole wat 'n lang tradisie van dubbel- en parallelmedium het, soos Paul Roos Gimnasium.

Al meer studente dui aan dat hulle meertalig is en in 'n meertalige omgewing wil wees. Terwyl ons hiervan kennis neem en hiervoor voorsiening moet maak, is daar een ding wat ons op Stellenbosch gedoen het, naamlik om te sê, as alles verkeerd loop, wat is die minimumwaarborg wat ons vir Afrikaans aan die Universiteit kan gee?

Daar was 'n lang en moeilike debat; daar was klomp berekeninge – soos Stellenbosch maar doen – baie presies tot op die laaste sent uitgewerk ... en uiteindelik het die Raad in November 2009 besluit op 'n minimumaanbod van 60% Afrikaans vir die afsienbare toekoms.

Dis interessant hoe mense dit interpreteer. Hulle interpreteer dit asof ons sê dis nou al wat ons kan doen. 'n Minimum is egter 'n minimum, nie 'n maksimum nie. Dit beteken gewoon dat as dit sou blyk dat dit nie moontlik is om die verlangde vlak van Afrikaans te handhaaf nie, dan is die deur vir ons oop om na die Raad te gaan sodat hulle ons uit die reserwes kan help om Afrikaans in die toekoms te handhaaf. Dit beteken gewoon as iets verkeerd loop, is dit die vlak van Afrikaans waaronder ons nie gaan nie. Ons is bly om te kan sê ons slaag daarin om bo hierdie minimumvlak te bly en ons doen dit in die huidige begroting.

As iemand vra wat probeer ons regkry by Stellenbosch, sal ek sê ons probeer 'n soort ubuntu van tale vestig, waar mense die gevoel kry dis goed om in 'n meertalige omgewing te wees, dis goed om aan Afrikaans blootgestel te wees, dis reg om jou daarin te laat slyp. Dit maak jou meer aantreklik in die wêreld van werk; dit maak jou meer kreatief en krities – iemand wat groot innovasies in die toekoms gaan lewer.

Die idee is om 'n gevoel te skep van 'n taal tussen tale, sodat mense die idee kry hulle word mens deur hul ontmoetings met mekaar. Die idee van 'n ubuntu van tale geld ook vir Afrikaans, want ons het verskillende variante van die taal. Mense praat Afrikaans, maar as hulle op Stellenbosch kom, slaan hulle oor na Engels, want hulle voel skielik hul Afrikaans is van 'n laer standaard.

## **TAALBEPLANNING**

Al hierdie dinge verg goeie taalbeplanning. Ons het van ons beste mense daaraan toegewys. Stellenbosch se taalbeplanning behels dat die saak met erns benader word: Dit val onder 'n bestuurslid, daar is 'n taalbeleid en -plan, en dit is afgewentel na fakulteite en steundienste.

Oor Xhosa wil ek sê ons het die regering meegedeel dat ons bereid is om 'n rol te speel in die ontwikkeling van Xhosa, en ons het reeds heelwat werk in hierdie verband gedoen. Ons Taalsentrum het terminologieboeke ontwikkel, wat Xhosa-moedertaalsprekers in staat stel om op hul moedertaal terug te val om hul begrip van terminologie in Engelse handboeke te versterk.

## **SLOT**

Die groot uitdaging vir Afrikaans is nie op universiteit nie, maar daarbuite, in die landelike gebiede, in Worcester, die klomp dorpe om Worcester, ensovoorts. Ons as universiteit en enigeen wat werk aan die toekoms van Afrikaans moet eerstens vra oor die toegang wat bruin Afrikaanssprekende mense van landelike gebiede tot ons universiteite gaan hê, en tweedens watter werk word daaraan gedoen.

Die Taalraad moet ons help fokus op wat daar gebeur. Dís die mense wat die toekoms van Afrikaans moet waarborg. Dís die mense wat die wetenskaplikes van die universiteite van die toekoms moet word. Dís die mense wat die professionele rolle moet vervul. Dís die mense wat die voortou in hierdie provinsie moet neem, wat hierdie ekonomie moet bou.

'n Groot deel van die toekoms van Afrikaans hang af van 'n klomp mense wat baie swaar kry, wat nie weet of hulle more skool toe kan gaan nie, en wat ondersteuning nodig het. As Afrikaans nie met hulle slaag nie, gaan Afrikaans nie slaag nie.